MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY
BEAUFORT-WES/BEAUFORT WEST/BHOBHOFOLO

KENNISGEWING Nr. 103/2026

BESLUIT TOT HEFFING VAN EIENDOMSBELASTING VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 JULIE 2026 TOT 30 JUNIE 2027

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004, dat die Plaaslike Raad tydens sy vergadering gehou op 29 Mei 2026 by wyse van raadsbesluit nommer 8.14 besluit het om belasting op vaste eiendom wat in die onderstaande skedule weerspieël word, te hef met ingang van 1 Julie 2026.

Kategorie van eiendom	Koersverhouding	Sentbedrag in die Rand-koers bepaal vir die betrokke eiendomskategorie
Residensiële Eiedomme	1:1	0.015900
Besigheidseiendomme	1:2	0.031800
Industriële Eiendomme	1:2	0.031800
Landbou-eiendomme	1:0.09	0.001389
Openbare Diensdoeleindes	1:2	0.031800
Mynbou-eiendomme	1:2	0.031800
Meervoudige gebruikseiendomme	Soos per toekenning	Soos per toekenning
Munisipale eiendomme	1:0	0.0
Natuurreservaateeiendomme	1:0	0.0
PSI	1:0	0.0
Onbeboude grond	1:1.2	0.019080
Openbare Voordeelorganisasies	1:0.25	0.003975

VRYSTELLINGS, VERMINDERINGS EN KORTINGS

Residensiële Eiendomme: Vir alle residensiële eiendomme sal die munisipaliteit nie ‘n belasting hef op die eerste R15 000 van die eiendom se markwaarde nie. Die R15 000 is ingesluit die statutêre ontoelaatbare belasting van R15 000 soos per artikel 17(1)(h) van die Munisipale Eiendomsbelastingwet.

Bykomende korting van R100 000 vir alle residensiële eiendomme met ‘n markwaarde van minders as R190 000, soos bepaal in die Belastingbeleid.

Kortings ten opsigte van ‘n kategorie eienaars van eiendom is soos volg:

KORTING OP NASIONALE MONUMENTE / ERFENISEIENDOMME

Ingevolge die Beaufort Wes Munisipaliteit se Eiendomsbelasting beleid, beteken 'n Nasionale Monument/ Erfeniseiendom:

" Eiendom wat hoofsaaklik gebruik word vir die bewaring en beskerming van erfenishulpbronne en formeel verklaar of beskerm word kragtens toepaslike nasionale of provinsiale erfeniswetgewing, insluitend voormalige nasionale monumente en erfenisterreine wat deur die betrokke owerheid erken word."

Met die erkenning aan die openbare voordeel wat verband hou met die bewaring en beskerming van erfenishulpbronne, mag die Munisipaliteit 'n korting van 15% toestaan op belasting wat gehef word ten opsigte van kwalifiserende Nasionale Monumente / Erfeniseiendomme. Sodanige korting sal van toepassing wees op die eiendom wat gehef word in ooreenstemming met die toepaslike gebruikskategorie soos bepaal ingevolge Artikel 8 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) en paragraaf 6 van die munisipaliteit se Eiendomsbelasting beleid. Die korting van toepassing op die eiendom sal gebaseer wees op die goedgekeurde gebruikskategorie en nie as 'n aparte eiendomskategorie nie. Die toestaan van die korting sal onderhewig wees daaraan dat die eiendomas sodanig formeel verklaar moet wees of beskerm moet word deur die toepaslike bevoegde owerheid en die indiening van enige ondersteunende dokumentasie wat deur die munisipaliteit vereis word.

NATIONAL MONUMENT / HERITAGE PROPERTY REBATE

For the purposes of this Policy, a National Monument / Heritage Property means:

" Property used primarily for the preservation and protection of heritage resources and formally declared or protected under applicable national or provincial heritage legislation, including former national monuments and heritage sites recognized by the relevant authority."

Recognizing the public benefit associated with the preservation and protection of heritage resources, the Municipality may grant a rebate of 15% on rates levied in respect of qualifying National Monument / Heritage Properties. Such rebate shall apply to the property being levied in accordance with its applicable category of use as determined in terms of Section 8 of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004) and Section 6 of this Policy. The rebate shall apply to the property based on its approved category of use and not as a separate property category. The granting of the rebate shall be subject to the property being formally declared or protected by the relevant competent authority and the submission of any supporting documentation required by the Municipality.

LANDBOU

Daar sal geen korting op landbou-eiendomme wees nie, met die bykomende korting wat reeds in die verlaagde tarief verreken is, wat vasgestel is op 1:0.09 van die basistarief, met wetgewing wat ‘n verhouding van nie meer as 1:0.25 oorskry nie.

PENSIONARISSE

Geregisteerde eienaars van residensiële eiendomme wat pensioenarisse is, kwalifiseer vir spesiale kortings volgens die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van alle pensioenarisse wat permanent op daardie eiendom woon. Om vir die karting te kwalifiseer, moet ‘n eiendomseeienaar die geregisteerde eienaar wees van ‘n eiendom wat aan die vereistes van die definisie van residensiële eiendom voldoen. Hierdie eiendomseienaar moet op 1 Julie van die Finansiële jaar:

- Die eiendom as sy/haar primêre woning beset en
- Ten monste 60 jaar oud wees, of
- Medies ongeskik verklaar is, selfs al is hy/sy nog nie 60 jaar oud is nie, en
- ‘n Bruto maandelikse huishoudelike inkomste ontvang wat nie die bedrag oorskry wat deur die Raad bepaal is tydens die Mujnisipaliteit se begrotingsproses nie.
- Moet jaarliks bewys aan die Hoof Finansiële Beampte voorlê dat die eienaar by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is as ‘n ontvanger van ‘n ouderdoms-of gestremdheidstoelae.
- Marwaarde van die eiendom nie meer as R 1 100 000 nie-

Inkomste	Afslag
R 4840 en minder as	30%
R 4841 to R 8000	20%
R 8001 to R12 000	10%

‘n Eienaar moet jaarliks geloofwaardige bewys van sy/haar finansiële posisie aan die Hoof Finansiële Beampte verskaf.

Volledige besonderhede van die Raadsbersluit, insluitend kortings, verlagings en vrystellings spesifiek vir elke kategorie van eienaar se eiendomme of eienaars van ‘n spesifieke kategorie eiendomme soos bepaal deur kriteria in die munisipaliteit se tariefbeleid, is beskikbaar vir inspeksie by die munisipaliteit se kantore, webwerf (www.beaufortwestmun.co.za) en openbare biblioteke binne die munisipaliteit se jurisdiksie area.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
Beaufort-West
6970

G. Esau
Wrnde Munisipale Bestuurder

Verw. Nr. 5/1/2/1; 5/6/1

Datum: 12 Junie 2026